


Herald Sport

Hengelklub sluit jaar op 'n hoë noot af



Ons wil graag al ons kliënte
'n Geseënde Christusfees
toewens.

Baie dankie vir julle ondersteuning
deur die jaar en ons wens julle
'n 2020 gevul met hole-in-ones!

Het jy geweet?...

Die Geminids is die grootste van die meteoriete en word deur baie mense beskou as die beste meteoriet-storting in die hemelruim en lewer tot 120 veelkleurige meteore per uur wanneer die hoogtepunt bereik word.

Dit word veroorsaak deur puin wat agtergelaat word deur 'n asteroïde bekend as 3200 Phaethon, wat in 1982 ontdek is. Die storting kom jaarliks voor van 7 tot 17 Desember.

Die hoogtepunt is vanjaar op die nag van die 13de en die oggend van die 14de en sal op die beste sigbaar wees van middernag tot sonsopkoms. Ongelukkig sal die byna volmaan hierdie jaar baie van die meteore blokkeer, maar die Geminids is so helder en talryk dat dit steeds 'n goeie vertoning sal wees.

Die beste besigtiging sal na middernag vanaf 'n donker plek wees. Meteore sal vanaf die konstellasie Gemini uitstraal, maar kan oral in die lug verskyn.



Wilge Hengelklub het die 30ste November hulle jaarvergadering en prysuitdelings-funksie gehad. Die volgende lede op die foto is tot die bestuur verkies: Voorsitter Derick Tolmay, Ondervoorsitter JD Claassen en Inweegbeampte Johan Els. Die volgende lede het trofees ontvang: Klubkampioen Derick Tolmay, Reserve klubkampioen JD Claassen, Dames Klubkampioen Marietjie Kleynhans, Junior Klubkampioen Dean Tolmay. Die klub het ook besluit op jaarfooi vir volgende jaar. Koste beloop as volg: R200 per lid per jaar. Kontak gerus vir Derick Tolmay by 084 586 9113 of JD Claassen by 079 691 4184.

Heilbron Herald

wens jou en jou geliefdes 'n heerlike Somerkersfees toe! Mag die nuwe jaar gevul wees met voorspoed, vreugde en elektrisiteit!

Baie dankie vir die ondersteuning deur die jaar, ons sien uit daarna om steeds die beste diens te lewer in 2020!

But the angel said to them, "Do not be afraid. I bring you good news that will cause great joy for all the people. Today in the town of David a Savior has been born to you; he is the Messiah, the Lord".

C-SA Funerals

Maak die feestyd gereed vir Jesus se mooiste wonder... Geseënde Kersfees!

-Dawie & René

Boere Treat

Geseënde Kersfees

Dankie vir julle ondersteuning gedurende 2019.

Mag hierdie kosbare Christusfees 'n fees van liefde, genade en hoop wees.

Die Heilbron Herald se fabriek sluit vandag, die winkel sal nog oop wees tot en met die 19de Desember 2019. Die Herald se fabriek open DV 8 Januarie 2020 en die winkel open 6 Januarie 2020.

Van der Merwe & Vennote Eiendom

wens al ons kliënte 'n ware Christusfees gevul met vrede, vreugde, liefde en hoop vir die 2019 Kersgety toe en alle voorspoed en seën vir 2020

U ondersteuning deur die jare word hoog op prys gestel

Phillip van der Merwe en personeel